

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 36

5 September 2021



WAARHEID

is nog steeds die waarheid – en dit maak saak

(1)

Wat laat ons staande bly in onseker tye?

Daar is ‘n paar aspekte, maar vandag praat ons oor waarheid waardeur ons staande kan bly.

Die waarheid en die leuen staan teenoor mekaar

Die volgehoue druk deur sosiale media loods talle aanslae teen alles wat ons as waarheid beskou. Negatieweit en persoonlike menings toets daagliks die waarheid in elkeen se hart.

Indien hierdie waarheid nie op die Woord van God gegrond is nie, bestaan die gevaar dat die leuen maklik mense se lewe kan oorneem en beheer.

Is waarheid gewild?

Baie mense leef uit persoonlike voorkeur en selfvervulling wat waarheid uiters ongewild maak. Toe Noag mense vermaan het oor hulle sondige lewenstyl en die ark begin bou het, was hy nie baie gewild nie. Wat van toe Moses die Israeliete uit Egipte moes lei? Die waarhede wat Jesus en Sy dissipels verkondig het, was dit gewild? Baie Christene is gemartel vir die waarheid waarin hulle geglo het, manne soos John Wycliffe, Johannes Huss, William Tyndale, Dietrich Bonhoeffer, Jim, Elliot, ens.

Ons kom voor ‘n keuse te staan

Waarheid is nie gewild nie, die populêre kultuur verwelkom dit nie – en indien wel, is dit lankal nie meer die waarheid nie. Waarheid wys die leuen altyd uit, konfronteer dit en veroorsaak ‘n diep konflik tussen nederigheid en hoogmoed, beheer en oorgawe. Sonde hou nie van die waarheid nie en die houvas van sonde lê in die verwerping van waarheid.

Waarheid bring ons altyd voor hierdie keuse te staan: Of ons aanvaar waarheid en dit maak ons vry of ons verwerp dit en ons word gebind.

Sielkundige probleme kom dikwels voor by mense waar die vrymakende waarheid verwerp word.

(vervolg)

Dankie!

- Dat Christus die Weg en die Waarheid en die Lewe is!
- Vir Sy liefde en genade waardeur ons in en deur Christus kan leef in hierdie uitdagende tyd.
- Vir elke persoon wat herstel het en genesing ontvang het, van die virus, ander siektes en operasies!
- Vir Sy beskerming en voorsiening in hierdie tyd!

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir die gemeente bedieninge.
- Vir álmal wat covid het in ons land, maar ook in ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir Sy genade en ontferming oor ons in SA. Dat SA sal terugdraai na God met hulle hele hart!
- Vir die genesing en herstel van ons land.
- Vir die jeug in ons land, gemeenskap en gemeente.
- Vir die onderwys sisteem en alles wat daarmee verband hou.
- Vir die situasie in Afghanistan, vir die mense en ook die Christene.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Magriet du Plooy –vir volkome genesing. Vir nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Thea Bosman – vir volkome genesing.
- Karina van den Berg – vir volkome genesing. Sy het kanker.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – sy het kanker. Vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – Vir volkome herstel en genesing.
- Martin Kleinhans - Vir spoedige en volkome herstel.
- Johan Kotze – vir volkome herstel en genesing.
- Basie Roux – vir volkome genesing.
- Carina Haasbroek – vir volkome genesing.
- Christa de Swart – vir volkome genesing.
- Ons innige simpatie met Stoffel Reynders met die afsterwe van sy vrou Lea.
- Ons innige simpatie met tannie Marie van Wyk met die afsterwe van oom Vernon
- Ons innige simpatie met Louis & Hettie Snyman met die afsterwe van haar seun

Gedagte vir die week:

**Jesus het vir hom gesê: “Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe.
Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. As julle My ken, sal julle My Vader ook ken.”
(Joh 14:6-7)**

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor.
N.G.Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org